NUUSBRIEF, MAART 2019

(Redakteur:Julian Müller)

Hierdie nuusbrief word vroeg uitgestuur omdat die skoolvakansie (15 Maart – 2 April) vanjaar heelwat vroeër is as die paasnaweek (19-22 April). Ons wil graag op hierdie manier met u kommunikeer voordat die skoolvakansie begin.

Die doel van hierdie brief is om te reflekteer op sommige sake voortspruitend uit die somervakansie asook om relevante inligting met u te deel.

ALGEMENE SAKE

Eerstens wil ons al die inwoners en vakansiegangers bedank vir hulle bydrae tot 'n positiewe vakansie-ervaring. Gedurende die Desember-Januarie vakansie was die Vallei behoorlik gepak met mense en die normaalweg stil dorpie het gebruis met aktiwiteit. Dit was goed om te sien hoe Nature's Valley weereens vir soveel mense daardie wonderlike vakansie-ervaring gebied het.

Ons wil graag die volgende persone en/of instansies bedank vir hulle bydrae to hierdie positiewe ervaring:

- Bitou en Sanparke wat gesorg het vir die instandhouding van skoon strande. Ons noem veral vir Marco Barnardo, die Superintendent vir al sy moeite om almal gelukkig te hou.
- Die lewensredders vir hulle toewyding tot ons veiligheid. Hulle het ons vanjaar beïndruk met hulle positiewe gesindheid. Ons wil ook die NSRI bedank vir die rol wat hulle gespeel het in die redding van 3 persone wat in die see in die moeilikheid beland het naby Ingang 2.
- ADT het 'n konstante teenwoordigheid gehandhaaf met die voertuig wat heen en weer gery het en gereageer het op oproepe. Dit het beslis 'n goeie bydrae gelewer tot veiligheid in die Vallei.
- Nature's Valley Trust wat bygedrae het tot 'n verrykte vakansie-ervaring. Hulle goed georganiseerde programme vir volwassenes en kinders was opvoedkundig en aangenaam. Dr Mark Brown, die Direkteur met sy merkwaardige kennis van voëls en die omgewing, het weereens saam met sy personeel so hard gewerk terwyl ons vakansie gehou het. Die waarde van NVT se teenwoordigheid in die Vallei kan nie oorskat word nie en ons 'n groot dank aan hulle verskuldig.
- Die mense van die Sindikaat wat weereens die Carols by Candlelight gereël het en gesorg het vir die veilige aankoms van Kersvader oor die meer.

TUINMAAK EN UITHEEMSE BOME EN PLANTE

Die NVBV moedig graag die verwydering van alle uitheemse plantegroei aan. Twee van die ergste indringers is die Swaardvaring en die Eugenia. Eersgenoemde verdruk die natuurlike varings en plante terwyl die Eugenia se vrugte bobbejane na die Vallei lok. Beide vermeerder ook vinnig as hulle nie beheer word nie. Die Blombloekom en Swarthout is nie indringers nie, maar gebruik groot hoeveelhede grondwater en moet verkieslik vervang word met endemiese boomsoorte.

Eienaars wat onseker voel oor watter plante om te verwyder of te beskerm kan gerus vir ons kontak vir raad. Daar is ‘n pamflet oor indringer en vreemde plante by die kantoor of by die NVT se kantoor teen R75 beskikbaar. Die inligting is ook op ons webblad.

TUIN- EN ORGANIESE AFVAL

Tuinafval moet ongelukkig uit die Vallei vervoer word en nie hier gestort word nie en veral nie by die vullisterrein nie. Enige groenerige organiese afval kan egter by die afvalverwerkings-fasiliteit, wes van Plettenbergbaai, langs die N2 afgelaai word. Marco, die Superintendent kan vir meer inligting gekontak word. Ongelukkig word sakke vol blare of Swaardvaring nie aanvaar nie. Dit moet na die ou stortingsterrein in Plettenbergbaai geneem word. Daar is wel mense wat dit vir u sal wegneem vir 'n billike fooi. Vir 'n lys van hierdie kontrakteurs kontak gerus vir

Annamarie Kovacik in the NVBV kantoor op 044 531 6699.

RIOOL

Ons herinner u weereens daaraan om betyds die Honeysucker-diens te bestel. In seisoen neem dit soms twee tot drie dae voordat die diens verskaf kan word. Hou dus die vlak van u opgaartenk dop en bestel betyds. Dit sal vir u of u huurders frustrasie en ongerief bespaar. Hou ook in gedagte die veel hoër fooie oor naweke en publieke vakansiedae soos Sondae, Goeie Vrydag en Paasmaandag.

Sien die aangehegte inligtingsblad of skakel **Marco Barnardo op 044 531 6757 gedurende kantoorure of Bitou op 0861248686 na-ure.**

NVT AKTIWITEITE GEDURENDE DIE PAASVAKANSIE

Indien u nie kennis dra van die aktiwiteite van die Nature's Valley Trust (NVT) nie, skakel gerus hul kantoor. Hulle is 'n waardevolle bate vir ons gemeenskap en hul werk is uiters belangrik. By hulle kantoor in Lagoon Drive is daar heelwat inligtingsbrosjures oor aktiwiteite en wandelroetes beskikbaar. Hulle bied ook 'n program vir kinders aan tydens die vakansie. Afgesien daarvan dat die programme omgewingsvraagstukke betrek, verskaf dit pret en is interessant vir die kinders. Programinligting sal by die strandingange opgeplak word.

Kontak Natures Valley Trust op 044 531 6820.

HONDEREËLS EN KATTE

Sommige besoekers mag dalk nie bewus wees van veranderinge wat deur die Bitou Munisipaliteit sedert 2017 aangebring is rakende die hondereëls nie. Kennisgewings by die strandingange is duidelik. Katte behels weer ander uitdagings en is ‘n probleem in die Vallei aangesien hulle van nature jagters is en dus ‘n bedreiging vir ons ryke verskeidenheid van voëls. Ons wil daarom mense ten sterkste afraai om katte na Nature’s Valley saam te bring.

BOBBEJANE en die **STORTINGSTERREIN.**

‘n Handige brosjure met al die inligting oor die bestuur van u huishoudelike afval word hierby aangeheg en eienaars moet asseblief seker maak dat dit onder die aandag van huurders en besoekers gebring word. Bobbejane is deel van ons natuurlike omgewing en ons moet maniere vind om in harmonie saam te bestaan. Die groot probleem het te doen met die bestuur van huishoudelike afval. Die oogmerk is om dit onmoontlik te maak vir bobbejane om toegang te verkry tot huise en/of afvalhouers. Bobbejane kom altyd weer terug na plekke waar hulle kos in die hande kon kry. Die mobiele afvalhouers (wheely bins) wat op Dinsdae (net gedurende Desember-vakansies) en Vrydae langs die straat geplaas kan word, moet so toegemaak word (met ‘n stywe rek) dat bobbejane dit nie kan oopkry nie. Die beste opsie is steeds om u eie huishoudelike afval by die WTS (Waste Transfer Station) te gaan aflaai. Ongelukkig gebeur dit van tyd tot tyd dat mense ‘n sak met afval net op die grond langs die herwinningshouers plaas met die

gevolg dat dit deur bobbejane verskeur en versprei word. Die prentjie op die foto is ongelukkig ‘n redelik algemene gesig. Sakke wat huishoudelike afval bevat moet deur die skuifdeur aan die regterkant gegooi word en die deur weer toegemaak word. Dit help ook baie as alle plastiekbottels en kartondose eers platgedruk word voordat dit in die herwinningshouers geplaas word.

DIE VLIEG VAN HOMMELTUIE (DRONES)

Dit wil voorkom asof mense nie besef dat hommeltuie nie in Nature’s Valley gevlieg mag word nie. Dit is onwettig om ‘n hommeltuig oor ander se eiendom of binne 50 meter daarvandaan te vlieg. Dit is beslis ook onwettig om dit binne SA Nasionale Parke, wat rondom Nature’s Valley geleë is, te gebruik. Oortredings moet asseblief aan die Superintendent gerapporteer word.

NATURES VALLEY BELASTINGBETALERSVERENIGING (NVBV)

As u dit nog nie gedoen het nie, ondersteun asseblief die plaaslike belastingbetalersvereniging, die NVBV. 'n Bydrae van R850 per jaar word voorgestel, maar enige bedrag is welkom en hoër bedrae word ten seerste waardeer. Ons het ten alle tye baie belangrike projekte, veral in verband met die verskaffing van bevredigende dienste van die Bitou Munisipaliteit en vir die behoud van die aantreklikheid, eenvoud en skoonheid van hierdie oase van ons. Dit vereis gereelde kontak en vergaderings met verskeie Bitou munisipale amptenare.

ONS BANKBESONDERHEDE: NVRA, Standard Bank, Plettenbergbaai, Takno. 050714, Rek. No. 082609217

Kontak Annamarie Kovacik 044 531 6699 of office@nvra.co.za vir verdere besonderhede.

EIENAARS SE KONTAKBESONDERHEDE

Maak asseblief seker dat ons u **korrekte kontakbesonderhede** het en stel ons asseblief in kennis van enige veranderinge in u eposadres of telefoonnommer sodat ons u op hoogte kan hou van gebeure wat u as eienaar kan raak.

TELEFOONNOMMERS EN WEBWERF

Indien u enige sake rakende die Vallei wil bespreek, kan die volgende telefoonnommers van nut wees.
'n Volledige lys van komiteelede en heelwat ander nuttige inligting is op ons **webwerf** **http://www.nvra.co.za** beskikbaar.

Paul Erens	044 531 6626	VOORSITTER, NVBV
Annamarie Kovacik	044 531 6699	KANTOORBESTUURDER
	office@nvra.co.za	
Marco Barnardo	044 531 6757	SUPERINTENDENTSKANTOOR, PHYL MARTIN PARK
	mbarnardo@plett.gov.za	
Mark Brown	044 531 6820	NATURES VALLEY TRUST
	info@naturesvalleytrust.co.za	

NOODNOMMERS

POLISIE	044 501 1900
ADT	086 121 2341
ADT VOERTUIG	083 290 9085
AMBULANS	10177
NSRI/ Seeredding	044 533 2744

WHATSAPP BOODSKAPPE

Daar is 'n aantal Whatsapp-groepe wat vir verskeie doeleindes gebruik word en waarby u kan aansluit, waarvan die volgende die belangrikste is:

NV Security ge-administreer deur Annemarie Kovacik, NVBV Kantoor, 079 308 5610

Om eienaars of inwoners op hoogte te hou van of om te rapporteer oor sekuriteitssake soos inbrake, verdagte persone of voertuie in die Vallei, misdaadvoorvalle, ens. **Dit is nie geskik vir noodoproepe aan ADT**, wat wel hierdie boodskappe ontvang nie, maar wat aan hulle kontaknommers gerig moet word. Ook word die vlak van brandgevaar en die voorkoms van brande in of naby NV hier gerapporteer.

NVRA-Bitou ge-administreer deur Paul Erens, Voorsitter NVBV, 082 556 1112

Hierdie Whatsapp word gebruik om mense in te lig oor afsluitings van water of krag, beplande herstelwerk aan paaie en verskeie munisipale aangeleenthede. Inligting oor die brandgevaar in die omgewing sal ook daar verskyn terwyl onmiddellike brand noodsituasies ook op NV Security sal verskyn. Slegs vyf persone kan kommentaar of boodskappe hier plaas maw u sal nie self boodskappe hier kan plaas nie.

Baboon Alert ge-administreer deur Kellyn Whitehead, NVT, 082 559 1137

Hierdie nuttige Whatsapp hou u op hoogte van bobbejaanbewegings en aktiwiteite in NV. Verslae oor bobbejaanaktiwiteite deur alle deelnemers word graag ontvang en dien om ons van hul aankoms en teenwoordigheid in NV te waarsku.

NV Social ge-administreer deur Lynn Oberholzer, 072 194 9579

Hierdie Whatsapp word hoofsaaklik deur permanente inwoners gebruik om mekaar van verskillende sosiale geleenthede en gebeure in te lig.

HONEYSUCKER DIENS.

Neem asseblief kennis van die volgende inligting:

Betalings moet gedoen word by Bitou Customer Care in Plettenbergbaai of by Natures Valley Phyl Martin Park Office (Maandag tot Donderdag 07h30-16h30, Vrydag 07h00-13H30) ten einde 'n bespreking te maak.

Die fooie:

Maandag tot Vrydag	R527.85
Saterdag	R792.35
Sondae en publieke vakansiedae	R1055.70

Bankbesonderhede:
NEDBANK – Plettenbergbaai
Rek nr: 1089913974
Takkode: 198765
Verwysing: 10840861 +Erf nommer

Epos bewys van betaling aan: Mbarnardo@plett.gov.za

Marco Barnado
Natures Valley: 044 531 6757

Bitou Customer Care: 044 501 3028 or 086 124 8686

Bitou aanvaar nie meer enige betaling per tjek nie.